BRADS GRYSBROEKE
Ons het so pas 'n klein besending broeke van hierdie bekende fabrikaat ontvang. So reg na u smaak. Kom kyk self.

**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
Langs C.S.V.-Boekhandel.

DIE
# Matie

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.
DEEL V. No. 6. VRYDAG, 13 APRIL 1945. Prys 1d.

BESTE DIENS vir FIETSE, RADIO'S ENS. is nog verkrygbaar by H. VILJOEN PLEINSTRAAT

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
31 MAR 1949
UNIVERSITY LIBRARY.

# S.V.R. Misken Aanspraak en Reg van A.N.S.

## Ons S.V.R. Tree Self „Handelend" Op!

### Waar dit sy plig was om die STUDENTE-UNIE tot handeling te lei

Verlede Dinsdagaand het die Studenteraad besluit om te reageer op die noodroep wat daar van die minderheidsgroep aan Wits uitgegaan het in verband met die segregasiekwessie aan ons Universiteite (sien DIE MATIE, 6 April). Die S.V.R. handeling sal bestaan uit 'n reeksie telegramme — 'n telegram aan die Minister van Onderwys, aan die Speaker van die Volksraad, die indiener van die segregasie-voorstel in die parlement, en aan die minderheidsgroep wat die segregasiebeginsel wil handhaaf aan Wits. Hierdie telegramme sal dan natuurlik die segregasiestandpunt van die Studenteraad weergee.

**„NAMENS DIE S.V.R."**

Soos een S.V.R.-lid dit uitdruk, die telegramme word natuurlik namens die S.V.R. gestuur, want hulle „kan dit nie namens die Studente-unie stuur nie" ('n S.V.R. wat groter vertroue van die studente-gemeenskap weggedra het, sou waarskynlik beter in staat gewees het om, met algemene goedkeuring, tot 'n hoër mate namens die Studente-unie op te tree). Wat help dit om in so'n dringende saak soos dié 'n verklaring te doen namens 19 S.V.R.-lede? Wat die minderheidsgroep in die Noorde gevra het, was nie die steun van 'n klein groepie Studenteraadslede nie — hulle het gevra om optrede deur die STUDENTE-UNIES as geheel aan ons Universiteite. Nie 'n Studenteraadsvergadering na aanleiding waarvan 'n paar telegramme uitgestuur sal word nie, maar 'n massavergadering waarop die studentegemeenskap sy standpunt helder en onomwonde sou kon stel en aan die publiek verkondig as ideaal ook in hulle optrede. „Hieruit sal die klein persentasie van negrofilistiese studente in Suid-Afrika duidelik blyk" (aangehaal uit die omsendbrief).

**HULLE PLIG VERSUIM!**

Waarom het die S.V.R. sy plig so skandelik versuim in dié verband? Waarom is die Studente-unie nie gelei tot sodanige massa-optrede nie? Of is die Studenteraad hom so bewus van sy onmag dat hy maar liewer veilig wegskuil in sy raadskamer, en vandaar handel namens homself in plaas van namens die studentegemeenskap wat hy veronderstel word om te dien?

Daar is natuurlik 'n ander feit wat in dié verband in aanmerking geneem moet word: die leiding in die minderheidsgroep aan Wits wat stry vir segregasie is hoofsaaklik geneem deur die A.N.S.-leiers aldaar. Het party-kleinlikheid in ons party-S.V.R. dalk hier ook na vore getree (onuitgesproke) om sodoende die stryd te laat verlam waar die party dan nie leiding aangegee het nie, maar 'n veel meer dinamiese organisasie, die A.N.S.?

## Nuwe Basis van Heldedagviering

### R.D.B. Word Genader

**DIE H.N.P.-S.V.R. HET OP SY JONGSTE VERGADERING DUIDELIKE BEWYS GELEWER VAN DIE ALGEHELE MISKENNING VAN DIE BEGINSEL VAN REG EN VERDIENSTE IN DIE STUDENTEGEMEENSKAP. 'n Mosie, wat as volg lui en voorgestel is deur G. K. Wahl (sekondant J. C. Sadie), is aangeneem met slegs twee teenstemme:**

**(1) Dat 'n brief gerig word aan die Bestuur van die plaaslike Reddingsdaadbond-tak vir samewerking insake organisering van Heldedagviering.**

**(2) Dat in genoemde brief voorgestel word vir dié doel 'n komitee te benoem, bestaande uit vyf lede, aangewys op 'n nie-politieke basis(!) deur die S.V.R. Plus vier lede aangewys deur die R.D.B.-bestuur.**

**ALLE REG MISKEN**

Mnr. P. K. Engelbrecht het op nugtere wyse die reg van die A.N.S. insake Heldedagviering voorgedra, en as amendement voorgestel dat die S.V.R. in samewerking met A.N.S. die viering sal waarneem op die basis soos vasgelê in 1943. Sy aandrang op handhawing van die beginsel van reg het egter op dowe ore geval. Daar is nie die minste poging aangewend om enige van sy argumente te weerlê nie — slegs dwarskoppig geweier om die A.N.S. sy reg te gee.

**AS PARTYPOLITIEK SEËVIER**

Maar so gaan dit as partypolitiek, beheb met net die een kleinlike gedagte (groot in hulle oë) van eie eer en eie verheerliking, vrye spel het. Verdienste is geen oorweging nie — as daardie verdienste nie val presies binne die enge perke van die partyheil nie!

Nou moet die R.D.B. genader word in dié verband tot samewerking met die deur en deur partypolitieke S.V.R. Vanselfsprekend erken ons die reg en funksie van die R.D.B. op ekonomiese gebied in die heropbou van ons volk — maar juis daarom wil ons waarsku daarteen dat so'n organisasie homself sal assosieer met en in diens stel van 'n Studenteraad waar meriete geen rol speel nie, waar partypolitieke aanhanklikheid die enigste maatstaf is.

**„DIE NIE-POLITIEKE BASIS"**

Die komitee sal dan kwansuis op „nie-politieke basis" aangestel word! En die beginsel, of liewer die basis (want hier dra geen beginsel krag nie) waarop die hele S.V.R.-optrede berus, is suiwer en alleen van partypolitieke aard! Of moet die woordjies „op nie-politieke basis" nou dien as dekmantel vir partyknoeiery en bedekking voor die aangesig van die Reddingsdaadbond?

**Die belaglikheid van die hele besigheid, die beginselloosheid waarop S.V.R.-bedrywighede rus, behoort elke student te oortuig dat daar by dié S.V.R. geen studente- of volksbelange geld nie, maar slegs bekrompe partybelang.**

(Sien ook ons inleidingsartikel in verband met die reg van die A.N.S.)

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

*Besoek DIE UITSPAN*
**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop**
*DIE UITSPAN is 'n besoek werd!*

## SONDER WERK!

- HET U AL DIE MASSA WERKERS IN SUID-AFRIKA GADEGESLAAN?

—o—

- WAT GAAN VAN HULLE WORD AS DAAR NIE GENOEG WERK IS NIE?

—o—

- STAAR DIE PROBLEEM VAN WERKLOOSHEID DIE WêRELD IN DIE GESIG?

—o—

- ONS VOORSIEN U MET 'N BOEK VAN 'N WETENSKAPLIKE OOR DIE PROBLEEM.

—o—

**THE PROBLEM OF UNEMPLOYMENT**

Deur PAUL H. DOUGLAS,
Professor in Ekonomie aan die Universiteit van Chicago.

**Slegs 'n beperkte getal is nog in voorraad.**

**PRYS: 31/-**

**Die C.S.V.-Boekhandel**

**Pleinstraat — Stellenbosch.**



**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.



**Die Plaza**
Foon 0013

THE CANTERVILLE GHOST
Charles Laughton
Robert Young
VRYDAG en SATERDAG
13 en 14 APRIL



**NUWE BOEKE**

HAND- OF ANDER BOEKE, WAT MOEG IS, SAL ONS VIR U HERSTEL EN NUUT MAAK.

*VERTAAL-BURO,*
*Dorpstraat,*
Foon 486 *Stellenbosch.*



**DIE MATIE**

**Alle Korrespondensie aan:**
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie Administrasie,*
Posbus 28,
STELLENBOSCH.
Inskrywingsgeld 5/- per jaar.

Deel V. 13 April 1945. No. 6.


# HELDEDAG 1945

Alhoewel dit nog vroeg in die jaar is, pak die onweerswolke reeds op die gesigseinder van Heldedag op Stellenbosch saam. Voordat partypolitiek in die Studenteraad ingesleep is en toe alle studente nog kans gesien het om belang te stel in en deel te neem aan die sake van die Studente-unie soos beliggaam in die S.V.R. se optrede, en toe studente nog opgesien het na die S.V.R., was daar geen twiste oor ons nasionale feesdag nie.

Reeds in 1939 het studente onder leiding van die A.N.S. begin agiteer om Heldedag deur die owerhede erken te kry en het nie alleen in hulle pogings die ondersteuning en erkenning gekry van die Studente-unie en publiek nie, maar van die S.V.R. self en van die owerhede. Daarom kon die A.N.S. se pogings bekroon word met sukses en was Stellenbosch een van die eerste plekke wat Heldedag erken gekry het en feestelik gevier het. Die A.N.S. het dan ook waar hy 'n groot aandeel in die vierings gehad het, gesorg dat dit op 'n wyse gedoen word wat ons volk en Universiteit waardig was.

Toe die owerhede in '43 hul goedkeuring aan 'n viering van Heldedag onder leiding van die A.N.S. gegee het, en die S.V.R. sy sanksie namens die Studente-unie daaraan verleen het, het die A.N.S. weer na vore getree en op 'n breë basis die dag georganiseer op 'n wyse wat ons Universiteit tot eer strek.

Die A.N.S. het op sy beurt 'n uitnodiging aan die S.V.R. gerig om op die komitee verteenwoordig te wees, wat mense ingesluit het soos Mnr. Dawid Snyman, Mnr. Giel Hough en ander leiers wat nie aan die A.N.S. behoort het nie. Alle Afrikaners is uitgenooi om die dag 'n sukses te help maak en sonder dat iemand se reg ontsê is om 'n deel aan die organisasie te hê, was dit so'n sukses dat van owerheidsweë die wens uitgespreek is dat dit die volgende jaar op dieselfde basis moes gebeur.

Niemand sal ontken dat die viering in 1944 nog 'n groter sukses was nie en almal wat deelgeneem het as organiseerders of as sprekers het in 'n buitengewone goeie gees saamgewerk. Wie ontken dan dat plaaslike persone wat as sprekers in een of ander hoedanigheid opgetree het soos Prof. Meiring, Prof. Wilcocks en meneer Dawid Snyman verteenwoordigend was! Wie ontken dat mense wat help organiseer het, soos mnre. Berthold Pauw, R. K. de Villiers, Willie Alheit, Jaap Weidemann, Luther v. As, Jan Hanekom, Lourens Marais, Willie Groenewald, Jan va nGraan, Willie Gibson, L. M. Olivier, Martina Roos, Joyce Freund e.a. verteenwoordigend van ons Studente-unie was!

Die komitee wat verlede jaar bestaan het, bestaan nog en het nog 'n fonds tot sy beskikking. Nou egter word deur die S.V.R. wat daar is sonder die goedkeuring van die Studente-unie ,besluit dat hulle Heldedag gaan vier en die plaaslike Reddingsdaadbond-tak gaan nader vir samewerking en die A.N.S. wat in die verlede die fees georganiseer of help organiseer het, gaan ignoreer.

Hierdie Afrikaners wat die Studente-unie verdeel het by die S.V.R.-verkiesing, weier nou om persone wat jare al met almal se goedkeuring Heldedag gevier het, te keur vir die organisering van die fees in 1945.

Die A.N.S. het nog nooit verwag dat hy die enigste organisasie moet wees wat Heldedag mag vier nie, maar as beweging wat hier gestry het om die dag erken en op 'n waardige wyse gevier te kry, beklemtoon hy dit dat hy die reg het om ten minste geken te word in die saak. Dit is baie duidelik dat die die plan van die S.V.R. is om nou sekere organisasies „uit te werk" en ons nasionale feesdae „in 'te palm" in die hande van 'n sekere seksie wie hulle verteenwoordig en dit op 'n eng seksionele basis te vier.

# Die Oorlog

## „Liewer 'n Verskriklike Einde as 'n Verskrikking sonder Einde"

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
***— Ten Kate.***

### Deur Prof. J. A. Wiid

Die militêre posisie van Duitsland het gedurende die afgelope weke uiters sleg geword. Amerikaanse, Britse, Kanadese en Franse troepe het in die weste diep in Duitsland binnegedring. Op die oomblik word selfs Duitse stede soos Bremen en Hannover bedreig. Nie alleen het uiters waardevolle industrie-gebiede vir die Duitsers verlore gegaan nie, maar ook die lugmag van die Geallieerdes het op groot skaal verderf en verwoesting oor Duitsland uitgesaai. Hierdie uiters kritieke militêre posisie van die Duitsers het nog kritieker geword deur die geweldige Russiese druk aan die oostelike front. Op die oomblik staan die Rooi Leër voor die poorte van die historiese Weenen. Dit is onnodig om daarop te wys dat die geweldige lang front teen die Russe vanaf die Oossee in die noorde tot in die Balkan en aan die Adriatiese See in die suide uiters hoë eise aan die Duitse militêre leiding moet stel.

**LIEWER 'N VERSKRIKLIKE EINDE AS 'N VERSKRIKKING SONDER EINDE**

Die militêre posisie van Duitsland is vandag sonder twyfel haglik en daar kan met reg van 'n „Duitse tragedie" gepraat word. Onder hierdie omstandighede is dit ook geen wonder dat daar mense is wat meen dat Duitsland maar liewers die oorlog moet staak en **onvoorwaardelik** aan sy vyande moet oorgee. Met die „fanatieke weiering" van Hitler „om onvoorwaardelik oor te gee" word selfs fout gevind. Dit is ook die soort „raad" en „verwyte" wat byna 'n halwe eeu gelede aan die adres van die Boere-leiers gerig was toe ook die Boerenasie sy groot tragedie deurgemaak het. As hierdie raad destyds in Transvaal en Oranje-Vrystaat gevolg was, dan sou die Engelse oorlog na Cronjé se oorgawe of na die Britse besetting van die Republikeinse hoofstede in Junie 1900 beëindig gewees het en nie byna twee verskriklike jare langer geduur het nie. Die vryheidsoorlog sou dan ook vandag 'n heeltemal ander karakter gedra het. Hy sou sy heroïese onherroeplik verloor het en daarmee sou die Afrikanerdom 'n onherstelbare verlies gely het.

„Onvoorwaardelike oorgawe" is voorwaar 'n ernstige saak; dit is erger as 'n volledige militêre nederlaag; dit is selfmoord. Dit is dus geen wonder dat Duitsers vandag **liewer 'n verskriklike einde wil hê as 'n verskrikking sonder einde.** Die vyande van Duitsland het hierdie „verskrikking sonder einde" reeds herhaaldelik en met nadruk wêreldkundig gemaak. Origens sal daar ook Duitsers wees wat die geskiedenis van Versailles nog nie vergeet het nie.

**'N GUERILLA-OORLOG IN DUITSLAND?**

Dit hoef ook nie 'n gesagstaat te wees wat „fanatiek weier om onvoorwaardelik oor te gee" nie. Die „demokratiese" Boere-republieke, soos ons reeds gesien het, het byna nog twee jaar geveg na hulle georganiseerde weerstand gebreek en hulle hoofstede ingeneem is. En het die Premier van die „demokratiese" Brittanje in die donker dae na Duinkerken dan nie beloof dat hy die stryd verder sou voer op die strande van Brittanje, uit die stede en dorpe en, indien nodig, vanuit Kanada nie? En dit met gaffels en haelgeweers terwyl die Duitsers nie eers **onvoorwaardelike oorgawe** geëis het nie!

Hoewel die huidige militêre posisie van Duitsland uiters kritiek lyk, is dit waarskynlik voorbarig om die oorlog in Europa as beëindig te beskou. Die Geallieerdes se eis van onvoorwaardelike oorgawe sowel as die vrees en haat vir die Bolsjewistiese Rusland sal vir die Duitsers as prikkels dien om in die stryd te volhard. In hierdie volharding het die Duitsers nie nodig om inspirasie in die legendariese heldefigure van 'n Wagner te soek nie; hulle het historiese voorbeelde soos 'n Frederik die Grote en die Sewejarige Oorlog tot hul beskikking. Ook lyk dit of Duitsland nog in die gelukkige posisie verkeer dat daar geen verbrokkelende en ondergrawende politieke partye is wat die nasionale weerstand 'n steek in die rug kan gee nie.

Dit lyk of selfs genl. Eisenhower, ondanks sy groot militêre suksesse, nie 'n spoedige Duitse ineenstorting verwag nie. Volgens 'n brief wat hy onlangs aan pres. Roosevelt geskryf het, berei hy hom voor op 'n guerilla-oorlog in Duitsland wat slegs met behulp van baie troepe onderdruk sal kan word. Hy verwag nie „enige besliste ineenstorting of oorgawe van Duitse weerstand" nie en stel 'n „oorwinningsdag deur proklamasie" in die vooruitsig.

## A.N.S. Taksraad 1945

Die A.N.S. Raad vir 1945 is as volg saamgestel:

Taksleier: H. S. Marais.

Gekose lede: Mejj. Martina Roos, Brigitte Papendick, Lenie Roos, Mnre. A. C. Viljoen, J. W. Bell, L. M. Olivier.

Ampsdraers: Sekretaris: H. Barnardt. Demonstrasieleier: Evert Potgieter. Redakteur „Die Matie": H. S. Marais.

Hierdie samestelling is natuurlik onderhewig aan wysiging of toevoeging na gelang van omstandighede.

A.N.S.-lede word versoek om hulle volste steun te verleen aan die Raad aangesien getroue ondersteuning van die lede die basiese vereiste is vir sukses in die jaar wat voorlê.

**Rook Springbok-Sigarette**

## Wetenskaplike Brokkies

(Deur Ernst Marais)

Die ware verwoesting wat deur weerlig aangebring word is onder elektriese toerusting (veral hoogspanning-geleiding oor groot distansies), en vernietiging van eiendom. Die Amerikaanse ingenieurs het die afgelope jare die saak baie ernstig aangepak en spanne ingenieurs het hul somermaande in die Tennessee bergreekse deurgebring, waar hulle letterlik saam met weerlig gelewe het, want die streek word geteister deur gemiddeld 20 donderstorms per somermaand. Suksesvolle afleimetodes is vandag reeds sover ontwikkel dat hoogspanning-geleiding slegs by wyse van uitsondering beskadig word.

'n Huis word deur 'n eenvoudige weerlig-afleier-sisteem nogal doeltreffend beskerm. Weerlig het die gewoonte om die maklikste pad, t.w. die kortste pad, na die aarde te neem. Om dié rede word die afleier op die hoogste punt van die huis geplaas, nl. die skoorsteen, wat om bogenoemde rede die mees trefbare punt is. Sy uitwerking is nou tweeledig. Eerstens bied die afleier 'n maklike pad vir die groot elektriese stroom na die aarde, en so kan verwag word dat indien die slag wel plaasvind, die afleier en nie die huis getref sal word nie. Tweedens laat die afleier baie van die positiewe ladings op die aardkors onder die wolk die lug inlek, en so word die moontlikheid van 'n slag verminder. Dit berus op die feit dat elektrisiteit met buitengewone gemak vanaf skerp punte ontsnap. 'n Afleier kan nie, soos foutief partymaal aangeneem word, weerlig-treffings verhoed nie, maar slegs die moontlikheid verminder, en waar 'n huis wel getref word, is die verwoesting minder. 'n Weerligstraal se stroom begin by niks, gaan op tot 'n groot waarde, en word weer niks binne 'n gedeelte van 'n sekonde. Dus hoewel nie 'n wisselstroom nie, besit dit die gevaarlike induktiewe eienskappe van 'n vinnig veranderende stroom en hou nie van 'n skerp draai nie. Moet dus nie die afleier-draad om elke hoekie styf omklink nie, want daar gaan die huis beskadig word! Afleierdraad moet verder aan 'n pyp gesoldeer word wat baie diep die aarde ingedryf is, sodat dit in kontak is met die goedgeleidende permanente nat aarde. Volgende keer meer oor die persoonlike gevare van weerlig.

## Die Arbeidsdienskamp

- Dit vind plaas van Vrydag, 20 April tot Saterdag, 28 April.
- Die kampfooi is £1 (veel minder as wat enige vakansie op Stellenbosch u sal kos!)
- Op Blaauwklip, plaas van oom Willie de Waal.
- Name moet ingehandig word voor more-aand om twaalf-uur.
- 'n Kampvergadering sal in die loop van volgende week aangekondig word.

Maak seker dat u die kamp bywoon. U kan met enige O.B.-offisier in verbinding tree of met enige manskap wat u dan na die offisier kan verwys.

## BEDANKING UIT S.V.R.

Op versoek wens ons hiermee bekend te maak dat mnr. S. D. Maree bedank het as lid van die S.V.R. Meneer Maree was nie op Stellenbosch tydens die S.V.R.-verkiesing nie, en kon dus nie na willekeur optree nie. Sy bedanking hou egter geen verband met die optrede van enige groep of organisasie in verband met die verkiesing nie, maar vloei voort uit bloot persoonlike redes.

## Operas in Kaapstad

### MUSIEKVERENIGING GEE VOORSMAAK

In Kaapstad neem die Operaseisoen weer 'n aanvang vanaf Maandag, 16 April tot 28 April, met **La Boheme, La Tosca, La Traviata** en **Faust** op op die program. Die deelnemers is min of meer dieselfde as verlede jaar, en La Boheme neem 'n aanvang Maandagmiddag, 18 deser met May Cooper en Dirk Lourens in die hoofrolle. La Traviata volg Maandagaand met Rose Alper, Albina Bini en Kristian Halvorsen. Die Puccini-operas word min of meer deur een groep waargeneem, terwyl La Traviata en Faust deur 'n tweede waargeneem word.

Sondagaand eerskomende het die Musiekvereniging 'n spesiale plateprogram in die Conservatorium om operagangers 'n voorsmaak te gee van wat kom. Elke opera, veral La Traviata, La Boheme en La Tosca, sal kursories behandel word, en van die vernaamste arias daaruit sal gespeel word. Almal is baie welkom en veral operagangers word baie hartlik uitgenooi om daar 'n goeie agtergrond op te doen.

## Die S.A.-Visbedryf

### DR. VON BONDE VOOR DIE HANDELSVERENIGING

Die Handelsvereniging het 'n baie belangrike vergadering gereël vir e.k. Donderdagaand in die Annexe. Dr. Von Bonde, direkteur van Suid-Afrikaanse Visserye, sal praat oor „Die Suid-Afrikaanse Visbedryf". Weens die baie belangrike plek wat dié tot dusver nog grootliks onontwikkelde bedryf in ons land sal inneem in die toekomstige nywerheidsontwikkeling, kan dié vergadering as van buitengewone belang beskou word. Almal wat dus enigsins belangstel in die na-oorlogse ekonomiese ontwikkeling van ons land moet dié vergadering definitief nie mis nie. Dr. Von Bonde is stellig die grootste outoriteit op dié gebied in ons land vandag.

Onthou Donderdagaand om 8-uur in die Annexe — dit is net na die sangoefening.

## RENDEZVOUS OCEANA

Nee, ons kan u nie help nie — ons weet self nie wat môreoggend by Huis-de-Villiers sal plaasvind nie, daardie geheimsinnige bedrywighede wat met dié groot naam aangedui word. Maar dit weet ons, daar gaan darem môreoggend groot goed plaasvind in die Huis-de-Villiers-gronde. 'n Volmaakte Oceana-atmosfeer op droë grond.

Maak dus seker dat u môreoggend daar sal wees!

## WEET U?

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in **UNIE-LENINGSERTIFIKATE** te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor**

## Onder Onsies

Mnr. Awie Viljoen, A.N.S.-Raadslid, wat vir 'n operasie in die plaaslike hospitaal was, is op die been en fris en gesond.

* * *

Die Matie wil graag meneer Pierre Fourie hartlik gelukwens met sy benoeming tot dirigent van die Maties. Ons wens jou die allerbeste toe, en die heelhartige steun van al die studente. Vanjaar sing ons darem mos weer „Ikey!"

* * *

Vanaand vind Dagbreek se groot jaarlikse nie-dans-funksie plaas binne in Dagbreek.

* * *

Die interdebat tussen die Debatsvereniging van U.S. en U.K. wat vanaand sou plaasvind, het deur die mat geval.

* * *

Ons verneem dat daar spoedig weer 'n O.B.-vriendskapskamer gereed sal wees waarin daardie aangename Vrydagaand-byeenkomste van studentemaats wat verlede jaar so populêr geword het, voortgesit sal word. Daar sal gesels, gelag en gesing word. Hou maar net dop, en maak Vrydagaand vriendskapskameraand. Die ander tye waarop die kamer oop sal wees, sal natuurlik by 'n later geleentheid aangekondig word.

## STEUN VAN EIKESTAD-WINKEL

Die doel met die stigting van die Eikestad-winkel (Edms.) Bpk. was om, op versoek van die S.V.R., aan die studente 'n winkel van hulle eie te bied. Profyte bo 7 persent (nadat voldoende op reserwe geplaas is) word aangewend ten behoewe van die studentegemeenskap.

In hoeverre die winkel aan sy doel beantwoord het, blyk uit die feit dat die Direksie reeds £225 geskenk het — £200 ten behoewe van die Langenhoven-gedenksaal se boufonds en £25 in 1944 vir die P.S.O. Leningsfonds vir behoeftige studente.

Namate die studente vertroue begin kry het in die winkel, het die ondersteuning verbeter en die Direksie maak met blydskap bekend dat die omset steeds styg en dit wil voorkom asof die huidige finansiële jaar 'n hoogtepunt gaan bereik ten spyte van die feit dat sekere goedere wat verlede jaar nog in voorraad was, vanjaar onverkrygbaar is.

Die Direksie en bestuur koester groot uitbreidingsplanne vir die toekoms en sodra normale tye aanbreek, sal hierdie planne in werking gestel word.


UITSTALLING van SKILDERYE deur Elise Bodley in die Carnegiesaal, vanaf Saterdag, 24 Maart — 7 April. Daagliks, insluitende openbare vakansiedae (behalwe Sondae).

**Goeie Raad!**

Daar kom 'n tyd in die lewe van **elke mens** dat hy **iets netjies wil laat druk, al is dit net.......**

- **'n Visitekaartjie**
- **'n Sirkulêr**
- **'n Program**
- **'n Bloemlesing**
- **'n Geleerde Dissertasie**

**of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.**

*Ons hele Staf is tot u diens!*

**Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk.**
**Pastoriestraat, Stellenbosch.**

**Suikerbossie Melksalon**

**Se Bediening is Uitstekend, Ontmoet Jul Vriende Hier Om 'n Lekker Koppie Koffie. Ons pas geopende BILJARTKAMER (5 tafels) is die mooiste en netjieste in die W.P.**

**Foon 94 Santy se Bottelstoor**

*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

*MATIES !*

Laat ons u bedien met al u apteek benodighede.

Hou Koers en hou die MATIE REPUTASIE HOOG.........

'N SUIWER AFRIKAANSE ONDERNEMING

Die STELLENBOSCH-APTEEK (N. C. Hough)

**Andringastraat, Stellenbosch.**

**HENDRIKSZ die slagter, spesialiseer in WORS en VLEIS vir BRAAIVLEISAANDE.**
**Andringastraat, Stellenbosch**

**Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE KWV DRUIWESAP**

***Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum***

**Rook Springbok-Sigarette**

# SPORT

## RUGBY

Môre tree ons rugbyklub die 1945-seisoen in met 'n vriendskaplike wedstryd teen Somerset-Wes in die Strand. Dit sal gewaagd wees om 'n voorspelling te maak oor die moontlike uitslag, aangesien ons span nog nie vanjaar in 'n wedstryd opgetree het nie. As die oefeninge kan dien as 'n leidraad, kan ek darem rugby van 'n hoogstaande gehalte in die vooruitsig stel. Die stryd sal hoofsaaklik uitgespook word onder die voorspelers, en in hierdie afdeling van die spel gaan die Dinamietboere die Maties opdraend gee: ten eerste sal dit baie moeilik wees om die bal weg te haak voor 'n voorry soos Bisogno, Louw en Mylne, wat aldrie ervare



Peet van der Walt, die aanvoerder van ons Matiespan wat more sy eerste wedstryd speel.

voorry-manne is en al in die W.P.-jersie gespeel het. Oor die algemeen is die voorspelerstryd egter gelykop, want waar ons voorhoede ligter mag wees as die Somersetters s'n, dink ek stellig dat ons hulle in die losspel sal kan klop; met spelers soos B. Esterhuizen, J. Burger, D. Swiegers en W. Hugo aan die spits, sal dit moeilik gaan vir 'n span om ons voorhoede te keer. Die groot getal losvoorspelers wat waardiglik die posisies kan vul, dui ook op 'n moeilike tydjie vir SomersetWes se skakels.

Dis egter te vroeg om oor die agterlyn iets te waag aangesien die spelers nog nie definitief op hierdie oomblik gekies is nie, maar as die geskikte spelers gevind kan word om die skrumskakel- en vleuel-posisies te vul, kan daar ook in hierdie afdeling goeie en aanskoulike spel verwag word.

## ATLETIEK-INTERVARSITY

Ons atletiekspan se kanse teen U.K. vir môre is baie onseker. Verlede week se prestasies was ver benede die verwagting, en ons atlete sal hulle moet regruk as hulle daaraan dink om die paal te haal teen atlete soos I. Heyns, D. Joubert, E. Woods, A. Burger en A. Louw. Deur die insluit van H. van Heerden en Brodi, wat albei herstel het, is ons span egter aanmerklik versterk.

Die damesspan toon, volgens die uitslae, dat hulle nie veel moeite sal ondervind om die oorwinning te behaal nie.

## BOKS EN STOEI

Daar word 'n gulde geleentheid geskep vir alle liefhebbers van bogenoemde twee sportsoorte, om op een aand beide ons boks- en ons stoeiklub te sien optree. Die boksers kom weer teen die Paarliete te staan, en dit blyk dat die Maties nou beter afgerig is as 'n week gelede toe hulle twee van hul vier gevegte verloor het. Die gehalte boks sal besonder hoog wees, aangesien manne soos Van Wyk, Van der Veen en Kroezen optree; aldrie van hulle is bedrewe in dié sportsoort.

Die stoeiers kom ook teen 'n span van Paarl te staan, en studente wat nog nie vir Maas, Jooste, Jordaan en Marinus, om maar 'n paar te noem, in die kryt sien optree het nie, kan nie die kans laat verbygaan nie. Die Paarliete is gedugte teenstanders en bring baie ondersteuners saam; dit word dus van u verwag om op Dinsdag, 17 April, in die Stadsaal teenwoordig te wees, vir selfbevrediging sowel as ondersteuning aan die sportmanne.

Almal wat enigsins kan, moet daar wees, en, om Koos Meyer aan te haal: „Bring julle pêlle en hulle pêlle ook saam".

# Ander Byeenkomste

## RUGBY

Die Van der Stel-rugbyklub het 'n vriendskaplike wedstryd teen Liesbeek-Park gereël vir more, op Van der Stel se velde.

## Stoei

Die A-span van die U.S. Stoeiklub stoei Maandag, 16 April teen Liesbeek-Park se B-span in die stad.

## Boks

Boks-Intervarsity is weer herstel as jaarlikse instelling en sal vanjaar in die stad plaasvind, vermoedelik op die 1ste Junie, in die Rondebosche Stadsaal.

## ONS ADVERTEERDERS
### Steun Hulle....

Ons wil aan die begin van die vyfde jaargang van *Die Matie* ons hartlikste dank rig aan ons adverteerders wat deur hulle getroue ondersteuning aan *Die Matie* gereelde publikasie verseker het in die verlede. Ons is seker van u steun in die jaar wat voorlê, en vertrou dat *Die Matie* ook grootliks tot u voordeel sal strek. Studente, steun die adverteerders wat u blad ondersteun.

## BAIE DANKIE

Ons wil hiermee graag ons hartlikste dank uitspreek teenoor meneer C. G. Haupt wat ons in die afgelope weke met soveel ywer bygestaan het in die opstel van die sport-rubriek. Dit is werk wat mens alleen uit belangstelling kan doen, aangesien daar geen geldelike vergoeding aan verbonde is nie. Ongelukkig dwing drukke akademiese werksaamhede hom nou om terug te tree, maar hy sal nog help waar noodsaaklik. Nogmaals baie dankie, Hoefie, en alle sukses met die akademiese.

## DIE GESKIEDKUNDIGE EN DIE KAPITALISME

„Ons antwoord op die aanprysing (van die „goeie werk" van W. A. v. d. Stel) is: dat kapitaliste altyd instaat is om progressief en weelderig te wees, maar dat die ekonomiese en kulturele vooruitgang van 'n aristokratiese oligargie wanneer dit verkry word ten koste van die welvaart en geluk van die bevolking self, 'n vloek vir die land is. 'n Vermeerderde produksie is nie noodsaaklik 'n aanduiding van gesonde nasionale vooruitgang nie. Dit kan somtyds beteken, soos in hierdie geval, dat enkele bevoorregtes die bestaansmoontlikheid van breë kringe ondermyn, en nieteenstaande hulle eie veelgeprese progressiwiteit, kieme van verlange strooi. Die rykdom van dié land moet in die laaste instansie gemeet word volgens die aantal mense wat daarin, gesond en gelukkig, 'n beskaafde bestaan voer. Alles wat hulle beskeie welvarendheid bedreig en hulle getalle verminder is verderflik en gevaarlik."

— DR. GIE.

Die Afrikanerklub van U.K. het gedurende die afgelope Paasnaweek 'n baie aangename kamp op Houtbaai gehou. Ongeveer twaalf Maties het die kamp bygewoon.

# Het U Kennis Geneem van . . . . . .

## DIE SOSIOLOGIESE VERENIGING

Die Sosiologiese Vereniging va Stellenbosch het nog maar twee b staansjare deurleef. Hierdie Veren ging het egter gedurende bogenoer de kort tydperk sedert sy stigtin heeltemal bewus van homself en doelstellings geword, duidelike vor aangeneem en reeds op vaste vo te staan gekom. Kortliks beyw die Vereniging hom om algemene b langstelling aan te wakker en kenn te versprei deur middel van ope bare lesings, ens., in verband m sake van aktuele sosiologiese maatskaplike belang.

Lidmaatskap van die Vereniging nie beperk slegs tot Studente van d Departement van Sosiologie en Maa skaplike Werk nie, maar is ook oo vir enige bona fide lid van die St dente-Unie wat wens om aan te slu

Sluit aan en ondersteun die S siologiese Vereniging as u tred w hou met die ontwikkeling van sosi logiese verskynsels en maatskapli vraagstukke in ons land!

Ek dank „Die Matie" vir plasin

JAN J. VAN ROOYEN,
Voorsitte

## DIE UNIVERSITEITSKOOR

Een van die beste gemeenskap waarby 'n nuweling kan aansluit die Universiteitskoor. Die lede ko eenmaal per week bymekaar in d Opvoedkundesaal elke Dinsdagaa om 7-uur. Die koor sing ligte sow as klassieke musiek, en dis 'n ba aangename uurtjie vir elkeen w daaraan deelneem.

U hoef nie 'n geoefende stem hê nie. U sal gou die sangure le geniet.

—o—

Dagbreek herinner u weer a hulle groot fondsinsameling op 4 5 Mei. Hou daardie naweek oop v Dagbreek!

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

Spesiaal Aan
B.T.K.-LEDE
KOM KRY AL U TOER-BENODIGHEDE BY ONS
Toersakke, Grondseiltjies, Lang Kakiekouse,
Kort Kakiebroekies, Kakiehemde ens.
Ons pryse is baie billik
Gebrs. DE WET

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
is nou in die
Gebou waar Gebr. Darter & Kie.
was
GEVESTIG
Kom Besigtig ons Voorraad en vra vir
SKRYFBEHOEFTES
van voor-oorlogse kwaliteit soos
Potlode, Oefenboeke, Gloy (die egte)
Pro Ecclesia-Boekhandel
Pleinstraat - - Stellenbosch